# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

*UITGAWE OP GESAG.* VAN SUIDWES-AFRIKA. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Friday, 19th December, 1952. WINDHOEK Vrydag, 19 Desember 1952. No. 1735.

CONTENTS

**GOVERNMENT NOTICE—**

No. 2910 (Union) Control of Exports.

INHOUD

**GOEWERMENTSKENNISGEWING—**

No. 2910 (Unie) Uitvoerbeheer.

## GOVERNMENT NOTICE.

The following Government Notice is published for general information:—

### DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

J. NESER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

✱ No. 2910—Union.] [19 December 1952.

CONTROL OF EXPORTS.

I, Eric Hendrik Louw, Minister of Economic Affairs, acting under and by virtue of the powers vested in me by War Measure No. 146 of 1942, as amended, read with War Measure No. 75 of 1945, do hereby order as follows:—

1. As from the date of publication of this notice, none of the goods listed in Schedules A and B hereto shall be exported from the Union to any country outside the Union, unless such goods are covered by an export permit issued under the authority of the

## GOEWERMENTSKENNISGEWING.

Onderstaande Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer:—

### DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

J. NESER,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

✱ No. 2910—Unie.] [19 Desember 1952.

UITVOERBEHEER.

Ek, Eric Hendrik Louw, Minister van Ekonomiese Sake, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by Oorlogsmaatreël No. 146 van 1942, soos gewysig, gelees met Oorlogsmaatreël No. 75 van 1945, gelas hierby soos volg:—

1. Met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing mag geen goedere wat in bygaande Bylaes A en B aangegee is, uit die Unie uitgevoer word na enige land buite die Unie nie tensy sodanige goedere gedek is deur 'n uitvoerpermit

A—32507

Secretary for Commerce and Industries, provided that—

(*a*) in respect of the goods listed in Schedule A no export permit shall be required when such goods are exported to Basutoland, Swaziland and the Bechuanaland Protectorate:

(*b*) in respect of the goods listed in Schedule B no export permit shall be required when such goods are exported to the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, or any British Dominion, Colony (except Hong Kong), Possession, Protectorate or Mandated Territory or to the United States of America; and

(*c*) no permit in terms of this notice shall be required in respect of the export of goods listed in Schedule C hereto.

2. Applications for export permits shall be completed by the applicant in the form of Schedule D hereto and shall be submitted in the manner indicated therein. When applications are submitted in respect of goods which will be exported in more than one consignment, applicants should endorse the application forms accordingly in order that continuation sheets as per Schedule F may be attached. Particulars of exports against the relative permit will be recorded on the continuation sheets by the Customs. (Application forms for export permits may be obtained from any Customs House or from the Secretary for Commerce and Industries.)

3. Export permits are not transferable and the goods mentioned therein may be exported only by the person or firm named therein as consignor to the person or firm named therein as consignee: Provided that where the consignee is not known at the time of application for a permit, the Secretary for Commerce and Industries in his discretion may authorise the issue of a permit omitting the name of the consignee.

4. Export permits shall be valid for a maximum period of 180 days, but the period of validity may be extended for one further period of not more than ninety days on written application to the Secretary for Commerce and Industries to the Controller concerned: provided the application for extension is made *before* the permit has lapsed otherwise a fresh application for a new permit will be required. Applications for extension of permits must be accompanied by the relative export permits.

5. Export permits may be withdrawn at any time without notice and without stating reasons for such withdrawal.

6. In this notice and in the Schedules hereto, " Union " means the Union of South Africa and includes the Territory of South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay.

7. The following Government Notices are hereby withdrawn: —

No. 2947 of 19th November, 1951.
No. 3277 of 28th December, 1951.
No. 1935 of 29th August, 1952.

ERIC H. LOUW,
Minister of Economic Affairs.

NOTE.—See Government Notice No. 1934 of 29th August, 1952, for payment of fees in respect of export permits.

## SCHEDULE A.

### SECRETARY FOR AGRICULTURE.

(1) Animal protein (fishmeal and meatmeal).
(2) Bonemeal for feeding livestock.
(3) Bones, except skeletons.
(4) Feedstuffs, protein rich (oilcakes and meal).
(5) Feedstuffs (excluding oyster shell and shell grit) for stock, poultry and pets.

wat met die magtiging van die Sekretaris van Handel en Nywerheid uitgereik is, met dien verstande dat—

(*a*) in die geval van die goedere in Bylae A genoem, geen uitvoerpermit nodig is nie waar sodanige goedere na Basoetoland, Swaziland en die Betsjoeanaland-protektoraat uitgevoer word;

(*b*) in die geval van die goedere in Bylae B genoem, geen uitvoerpermit nodig is nie waar sodanige goedere na die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, of enige Britse dominium, kolonie (uitgesonderd Hongkong), besitting, protektoraat of mandaatgebied of na die Verenigde State van Amerika uitgevoer word; en

(*c*) geen permit ingevolge hierdie kennisgewing ten opsigte van die uitvoer van goedere in Bylae C hiervan genoem, nodig is nie.

2. Aansoeke om uitvoerpermitte moet deur die applikant in die vorm van Bylae D hiervan ingevul word en moet op die wyse daarin aangedui ingedien word. Wanneer aansoeke ingedien word ten opsigte van goedere wat in meer as een versending uitgevoer sal word, moet applikante aantekening daarvan op die aansoekvorms maak sodat vervolgvelle ooreenkomstig Bylae F aangeheg kan word. Besonderhede van uitvoere kragtens die betrokke permit sal deur die Doeane op die vervolgstate aangeteken word. (Aansoekvorms vir uitvoerpermitte is by enige Doeanekantoor of by die Sekretaris van Handel en Nywerheid verkrygbaar.)

3. Uitvoerpermitte is nie oordraagbaar nie en die goedere daarin vermeld mag alleen deur die persoon of firma daarin genoem as die afsender uitgevoer word na die persoon of firma daarin genoem as die geaddresseerde: Met dien verstande dat waar die geadresseerde nie bekend is wanneer daar aansoek om 'n permit gedoen word nie, die Sekretaris van Handel en Nywerheid na goeddunke magtiging kan verleen tot die uitreiking van 'n permit sonder die naam van die geadresseerde.

4. Uitvoerpermitte is vir 'n maksimum tydperk van 180 dae geldig, maar die geldigheidstydperk kan vir een verdere tydperk van hoogstens negentig dae verleng word as aansoek skriftelik by die Sekretaris van Handel en Nywerheid of die betrokke kontroleur gedoen word, mits die aansoek om verlenging voorgelê word *voordat* die permit verval het, anders sal 'n nuwe aansoek om 'n nuwe permit nodig wees. Aansoeke om verlenging moet van die betrokke uitvoerpermitte vergesel gaan.

5. Uitvoerpermitte kan te eniger tyd sonder kennisgewing en sonder vermelding van redes ingetrek word.

6. In hierdie kennisgewing en in die Bylaes hiervan beteken „ Unie " die Unie van Suid-Afrika met inbegrip van die gebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai.

7. Die volgende Goewermentskennisgewings word hierby ingetrek: —

No. 2947 van 19 November 1951.
No. 3277 van 28 Desember 1951.
No. 1935 van 29 Augustus 1952.

ERIC H. LOUW,
Minister van Ekonomiese Sake.

OPMERKING.—Sien Goewermentskennisgewing No. 1934 van 29 Augustus 1952 vir die betaling van gelde ten opsigte van Uitvoerpermitte.

## BYLAE A.

### SEKRETARIS VAN LANDBOU.

(1) Dierlike proteïen (vismeel en vleismeel).
(2) Beenmeel vir veevoer.
(3) Bene, met uitsondering van skelette.
(4) Voersoorte, ryk aan proteïen (oliekoek en -meel).
(5) Voersoorte (met uitsondering van oesterskulp en skulpgruis) vir vee, pluimvee en troeteldiere.

(6) Fertilizers.

(7) Livestock and poultry, excluding horses, donkeys and mules.

(8) Fodder, namely lucerne, oats and teff.

## CONTROLLER OF BUILDING MATERIALS.

(1) Asbestos, unmanufactured.

(2) Cement, building.

(3) (*a*) Unmanufactured softwood and hardwood, excluding Kamassi (*Gonioma kamassi*) and Cape Box (*Buxus macowani*).

(*b*) Ceiling and flooring boards, planed, tongued, grooved and parquet flooring.

(4) All animal hair and bristles, prepared and not prepared, but excluding mohair and rabbit hair.

## SECRETARY FOR NUTRITION.

All articles of food and drink, including such as are used as ingredients or materials in the manufacture, processing and preserving of food, excepting bush tea (Rooibos and all other bush teas from indigenous plants).

NOTE.—For oils and fats see under Soap and Oils; for animal feedstuffs see under Secretary for Agriculture.

The exportation of sugar is subject to the conditions prescribed in Government Notice No. 1813 of 26th November, 1937, and any amendments thereof, and the exportation of crawfish and crawfish tails are subject to the conditions prescribed in section *two* of the Crawfish Export Act, No. 9 of 1944, and Government Notice No. 1866, dated 30th August, 1946. These notices are administered by the Department of Commerce and Industries and enquiries should be addressed to the Secretary for Commerce and Industries, Private Bag 84, Pretoria.

## CONTROLLER OF INDUSTRIAL CHEMICALS.

(1) Sulphur.

(2) Sulphuric acid.

## CONTROLLER OF IRON AND STEEL.

(1) (*a*) Angle, channel, joist, tee, piling section and other structural sectional material, worked and unworked.

(*b*) Billet, bloom, ingot, bar and slab.

(*c*) Drill steel, worked and unworked.

(*d*) Fencing standards, posts and droppers.

(*e*) Ferro-alloys.

(*f*) Forgings, finished or unfinished.

(*g*) Hoop and strip.

(*h*) Iron and steel scrap.

(*i*) Pig iron.

(*j*) Plate, worked and unworked.

(*k*) Rails, worked and unworked, steel sleepers and accessories.

(*l*) Round rod, square, hexagonal and flat bars, and other sections or shapes (hot rolled, cold rolled, bright drawn or turned and polished), worked and unworked.

(*m*) Sheet and galvanised sheet, flat and corrugated, worked and unworked.

(*n*) Spring steel, worked and unworked.

(*o*) Tool steel, worked and unworked.

(*p*) Tubes, casings and pipes, worked and unworked and fittings therefor; cast iron pipes and fittings.

(*q*) Wire rod, wire rope, wire (plain, barbed and galvanised), worked and unworked.

(6) Misstowwe.

(7) Lewende hawe en pluimvee, met uitsondering van perde, donkies en muile.

(8) Voer, naamlik lusern, hawer en tefgras.

## KONTROLEUR VAN BOUMATERIAAL.

(1) Asbes, onverwerkte.

(2) Bousement.

(3) (*a*) Onverwerkte sagte- en hardehoutsoorte, met uitsondering van Kamassi (*Gonioma kamassi*) en Kaapse bukshout (*Buxus macowani*).

(*b*) Plafon- en vloerplanke, geskaaf, met veer en groef, en houtvloerblokkies.

(4) Alle dierlike haar en steekhaar, bewerk of onbewerk (uitgesonderd bokhaar en konynhaar).

## SEKRETARIS VAN VOEDING.

Alle soorte voedsel en drank, met inbegrip van dié wat as bestanddele of materiaal by die vervaardiging, verwerking en preservering van voedsel gebruik word, met uitsondering van bossiestee (rooibos en alle ander bossiestee van inheemse plante gemaak).

OPMERKING.—Vir olie en vet, kyk onder Seep en Olies; vir dierevoersoorte kyk onder Sekretaris van Landbou.

Die uitvoer van suiker is onderworpe aan die voorwaardes voorgeskryf in Goewermentskennisgewing No. 1813 van 26 November 1937, en wysigings daarvan, en die uitvoer van kreef en kreefsterte is onderworpe aan die voorwaardes voorgeskryf in artikel *twee* van die Wet op die Uitvoer van Kreef, No. 9 van 1944, en Goewermentskennisgewing No. 1866 van 30 Augustus 1946. Hierdie kennisgewings word deur die Departement van Handel en Nywerheid geadministreer en navrae moet aan die Sekretaris van Handel en Nywerheid, Privaatsak 84, Pretoria, gerig word.

## KONTROLEUR VAN NYWERHEIDS-CHEMIKALIEË.

(1) Swawel.

(2) Swawelsuur.

## KONTROLEUR VAN YSTER EN STAAL.

(1) (*a*) Hoek-, U-, balk-, T- en paalyster en ander bouprofielmateriaal, verwerk en onverwerk.

(*b*) Knuppel, voorblok, gietblok, staaf en platstuk.

(*c*) Boorstaal, verwerk en onverwerk.

(*d*) Heiningpale, hoekpale en hangpaaltjies.

(*e*) Ysterlegerings.

(*f*) Smeestukke, afgewerk of onafgewerk.

(*g*) Hoepel en band.

(*h*) Yster- en staalafval.

(*i*) Ru-yster.

(*j*) Plaat, verwerk en onverwerk.

(*k*) Spoorstawe, verwerk en onverwerk, staaldwarslêers en toebehore.

(*l*) Ronde stang, vierkantige, seskantige en plat stawe en ander profiele of fatsoene (warm gewals, koud gewals, blinkgetrek of gedraai, en gepoleer) verwerk en onverwerk.

(*m*) Plaat en gegalvaniseerde plaat, plat en gegolf, verwerk en onverwerk.

(*n*) Veerstaal, verwerk en onverwerk.

(*o*) Gereedskapstaal, verwerk en onverwerk.

(*p*) Buise, bekledingsbuise en pype, verwerk en onverwerk, en toebehore daarvoor, gietysterpype en toebehore.

(*q*) Draadstang, draadtou, draad (gladde, doring- en gegalvaniseerde), verwerk en onverwerk.

(*r*) Tinplate and terneplate, worked and unworked, including tinplate and terneplate scrap and empty containers consisting wholly or partly of tinplate or terneplate.

NOTE A.—Before ordering materials for fabricating goods for export or commencing to manufacture against export orders, the prior consent of the Controller of Iron and Steel must be obtained.

NOTE B.—Applications for export permits must clearly and fully define and describe the article(s) which are to be exported and must also clearly specify what percentage(s) by weight of each of the material(s) mentioned above were incorporated in the article(s) manufactured.

(2) All iron and steel manufactured or semi-manufactured articles containing 50 per cent or more by weight of any of the items mentioned under (1) above, but specifically excluding the following:—

(i) Air compressors and spares; pneumatic operated drills and spares therefor but excluding cutting and drilling tools.
(ii) Bicycles, commercial tricycles, motor cycles and aircraft and spares and components therefor.
(iii) Diamond drilling and water boring machines and spares therefor.
(iv) Engines, petrol, oil and steam and spares therefor.
(v) Generators, electric motors and starters and spares therefor.
(vi) Machine tools for metal, stone and wood working and spares therefor; bench and hand tools.
(vii) Medical, dental, laboratory, photographic and veterinary apparatus, equipment and instruments.
(viii) Sewing machines, domestic and industrial and components and spares therefor.
(ix) Spares for motor vehicles.
(x) Typewriters, duplicators, dictaphones, addressing, adding and calculating machines, cash registers and their spares and components.
(xi) Second-hand farming implements and equipment, the property of persons leaving the Union permanently (excluding tractors and motor vehicles).
(xii) Spares and components for tractors, bulldozers, mechanical excavators and self-propelled road-making machinery.
(xiii) Surveying instruments and components and spares therefor.
(xiv) Broadcast receivers and radiograms, both of the domestic type.

## CONTROLLER OF JUTE GOODS.

(1) Jute products whether in the piece or manufactured; bags, woolpacks and pockets whether new or second-hand made from jute, cotton, linen or any other fibre and suitable as containers for the conveyance of grain or grain products, wool, fruit, vegetables, fertilizers or coal; sewing and binder twine; paper-lined jute or fibre material.

(2) Any of the commodities mentioned above, whilst goods for export are contained, wrapped or packed therein, except woolpacks as containers for wool and mohair.

## LIVESTOCK AND MEAT INDUSTRIES CONTROL BOARD.

(1) Hide and skin pieces, whether unprocessed, processed or partly processed.

(2) Leather, all types but excluding leather manufactures.

NOTE.—Hides and skins are now controlled under Government Notice No. 1903 (*Government Gazette* No. 4910), dated 22nd August, 1952, by the Livestock and Meat Industries Control Board.

(*r*) Tinplaat en verlode plaat, verwerk en onverwerk, met inbegrip van tinplaat- en verlode plaatafval, en leë houers wat geheel en al of gedeeltelik uit tinplaat of verlode plaat bestaan.

OPMERKING A.—Voordat bestellings vir materiaal vir die vervaardiging van goedere vir uitvoer geplaas word, of voordat daar met die vervaardiging van goedere ten opsigte van uitvoerbestellings 'n aanvang gemaak word, moet die toestemming van die Kontroleur van Yster en Staal verkry word.

OPMERKING B.—Aansoeke om uitvoerpermitte moet die artikel(s), wat uitgevoer sal word, duidelik en volledig beskryf, en moet ook duidelik spesifiseer watter persentasie(s) aan gewig van elkeen van die stof (stowwe) hierbo vermeld, die vervaardigde artikel(s) bevat.

(2) Alle vervaardigde of gedeeltelik vervaardigde yster- en staalartikels wat 50 persent of meer aan gewig van enigeen van die items onder (1) hierbo vermeld bevat, maar met die bepaalde uitsondering van die volgende:—

(i) Lugkompressors en reserwedele; druklugbore en toebehore daarvoor, maar uitgesonderd sny- en boorgereedskap.
(ii) Trapfietse, handelsdriewiele, motorfietse en vliegtuie, en reserwe- en onderdele daarvoor.
(iii) Diamantboor- en waterboormasjiene en reserwedele daarvoor.
(iv) Petrol-, olie- en stoommotore en reserwedele daarvoor.
(v) Generators, elektriese motore en aansitters, en reserwedele daarvoor.
(vi) Masjiengereedskap vir die verwerking van metaal, klip en hout, en reserwedele daarvoor; werkbank- en handgereedskap.
(vii) Mediese, tandheelkundige, laboratorium-, fotografiese en veeartsenykundige apparaat, uirusting en instrumente.
(viii) Naaimasjiene, huishoudelike en industriële, en reserwe- en onderdele daarvoor.
(ix) Reserwedele vir motorvoertuie.
(x) Tikmasjiene, afrolmasjiene, diktafoons, adres-, optel-, en rekenmasjiene, kasregisters, en hul reserwe- en onderdele.
(xi) Tweedehandse plaaswerktuie en uitrusting (met uitsondering van trekkers en motorvoertuie) wat die eiendom is van persone wat die Unie permanent verlaat.
(xii) Reserwe- en onderdele vir trekkers, olifantskrapers, masjiengrawe, en selfaangedrewe padmaakmasjinerie.
(xiii) Landmetersinstrumente en onder- en reserwedele daarvoor.
(xiv) Radio-ontvangtoestelle en radiogramme, albei van die huishoudelike tipe.

## KONTROLEUR VAN JUTEGOEDERE.

(1) Juteprodukte, hetsy in die stuk of verwerk; sakke, wolsakke en sakkies, hetsy nuut of tweedehands, gemaak van jute, katoen, linne of enige ander vesel en geskik vir gebruik as houers vir die vervoer van graan of graanprodukte, wol, vrugte, groente, misstowwe of steenkool; naai- en bindtou-; jute- en veselmateriaal met papier uitgevoer.

(2) Enigeen van bogenoemde artikels as goedere vir uitvoer daarin of daarin toegedraai of gepak is, met uitsondering van wolsakke as houers vir wol en bokhaar.

## RAAD VAN BEHEER OOR DIE VEE- EN VLEISNYWERHEDE.

(1) Huid- en velstukke, hetsy onverwerk, verwerk of gedeeltelik verwerk.

(2) Leer, alle tipes, maar uitgesonderd leerfabrikate.

OPMERKING.—Huide en velle word nou kragtens Goewermentskennisgewing No. 1903 (*Staatskoerant* No. 4910) van 22 Augustus 1952, deur die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede beheer.

## CONTROLLER OF MEDICAL REQUISITES.

(1) Aureomycin.
(2) Chloromycetin.
(3) Terramycin.
(4) Cortisone (Cortone).

## CONTROLLER OF MOTOR VEHICLES.

(1) Automotive vehicles, or chassis, in which power may be applied to all wheels; and specialised components therefor.
(2) Tractors, bulldozers, self-propelled mechanical excavators and self-propelled roadmaking machinery.
(3) Passenger or commercial motor vehicles other than motor cycles and motor cycle and side-car combinations, subject to the following conditions:—
   (*a*) No permit shall be required in respect of any motor vehicle which is exported by the owner thereof for a period of not more than three months in connection with the temporary departure of the owner thereof from the Union; provided such owner has, before his departure from the Union, handed in to the proper officer of customs at the point of exit, a notification to the Secretary in the form of the Annexure E to this notice, of the point of entry through which the motor vehicle will be returned to the Union.
   (*b*) The owner of any motor vehicle which has been exported from the Union in terms of paragraph (*a*) above shall return the motor vehicle to the Union through the point of entry specified in the notification within a period of three months after it has been so exported.
   (*c*) The Secretary may permit the temporary export of motor vehicles for any period on the following conditions:—
      (i) Application for export shall be made on Form C.I. 100X as indicated in Schedule D to this notice.
      (ii) The owner of the motor vehicle shall notify the Secretary in the form of the Annexure E to this notice, of the point of entry through which the motor vehicle will be returned to the Union.
   (*d*) The owner of any motor vehicle which has been exported from the Union under any such permit, shall return the motor vehicle to the Union through the point of entry specified in the notification within the period stated in the permit.

## CONTROLLER OF NON-FERROUS MATERIALS.

(1) (*a*) Aluminium in any form, including scrap, residues, ashes, powder or dust.
   (*b*) Antimony and its alloys and ores.
   (*c*) Brass, bronze, gunmetal and copper in any form, including scrap, webbings, turnings, cuttings, swarf, sweepings, drosses, ashes, skimmings, slag and copper ore.
   (*d*) Chrome and its ores and alloys.
   (*e*) Cobalt in any form, including cobalt oxides and salts.
   (*f*) Graphite, artificial graphite, and amorphous carbon (excluding charcoal) in any form, including scrap residues and off-cuts.
   (*g*) Lead in any form, including lead scrap, scrap battery plates, drosses and skimmings from lead, and lead ores.
   (*h*) Magnesium and its alloys and ores.
   (*i*) Manganese and its ores and alloys.
   (*j*) Molybdenum in any form, including ores and concentrates and ferro-molybdenum, molybdic acid and molybdenum salts (including calcium molybdate and molybdic oxide).

## KONTROLEUR VAN MEDIESE BENODIGDHEDE.

(1) Aureomisien.
(2) Chloromisetien.
(3) Terramisien.
(4) Kortisoon (Kortoon).

## KONTROLEUR VAN MOTORVOERTUIE.

(1) Motorvoertuie, of onderstelle, waarvan al vier wiele aangedryf kan word; en gespesialiseerde onderdele daarvoor.
(2) Trekkers, olifantskrapers, selfaangedrewe masjiengrawe en selfaangedrewe padmaakmasjiene.
(3) Passasiers- of kommersiële motorvoertuie, uitgesonderd motorfietse en motorfietse met syspanwaens, behoudens die volgende voorwaardes:—
   (*a*) Geen permit word vir 'n motorvoertuig wat deur die eienaar daarvan vir 'n tydperk van hoogstens drie maande uitgevoer word in verband met die tydelike afwesigheid uit die Unie van die eienaar, vereis nie, mits sodanige eienaar voor sy vertrek uit die Unie by die bevoegde doeane-amptenaar by die uitklaringsentrum 'n kennisgewing aan die Sekretaris in die vorm van Aanhangsel E van hierdie kennisgewing ingedien het waarin die inklaringsentrum waardeur die voertuig na die Unie teruggebring sal word, genoem word.
   (*b*) Die eienaar van 'n motorvoertuig wat kragtens paragraaf (*a*) hierbo uit die Unie uitgevoer is, moet die motorvoertuig binne 'n tydperk van drie maande na dit uitgevoer is, deur die inklaringsentrum in die kennisegwing genoem, terugbring.
   (*c*) Die Sekretaris kan die tydelike uitvoer van motorvoertuie vir enige tydperk op die volgende voorwaardes toelaat:—
      (i) Aansoek om uitvoer moet op Vorm H.N. 100 X, soos in Bylae D van hierdie kennisgewing aangedui, gedoen word.
      (ii) Die eienaar van die motorvoertuig moet die Sekretaris in die vorm van Aanhangsel E van hierdie kennisgewing verwittig van die inklaringsentrum waardeur die motorvoertuig na die Unie teruggebring sal word.
   (*d*) Die eienaar van 'n motorvoertuig wat kragtens so 'n permit uit die Unie uitgevoer is, moet die motorvoertuig deur die inklaringsentrum in die kennisgewing genoem, na die Unie terugbring binne die tydperk in die permit genoem.

## KONTROLEUR VAN NIE-YSTERHOUDENDE STOWWE.

(1) (*a*) Aluminium in enige vorm, met inbegrip van afval, oorblyfsels, as, poeier of stof.
   (*b*) Antimoon en die legerings en ertse daarvan.
   (*c*) Geelkoper, brons, geskutsmetaal en koper in enige vorm, met inbegrip van afval, ribbelmetaal, skaafsels snippers, snysels, veegsels, skuim, as, afskepsel, slak en kopererts.
   (*d*) Chroom en die ertse en legerings daarvan.
   (*e*) Kobalt in enige vorm, met inbegrip van kobaltoksiede en -soute.
   (*f*) Grafiet, sinteliese grafiet en amorfkoolstof (uitgesonderd houtskool) in enige vorm, met inbegrip van afval, oorblyfsels en afknipsels.
   (*g*) Lood in enige vorm, met inbegrip van loodafval, batteryplaatafval, loodskuim en die afskepsels van lood en loodertse.
   (*h*) Magnesium en die legerings en ertse daarvan.
   (*i*) Mangaan en die ertse en legerig daarvan.
   (*j*) Molibdeen in enige vorm, met inbegrip van ertse en konsentrate en ferromolibdeen, molibdeensuur en molibdeensoute (met inbegrip van kalsiummolibdaat en molibdeenoksied).

(*k*) Nickel and its alloys and ores.

(*l*) Solder and white metal in any form, including scrap, scrap printers' metals and scrap alloys containing tin.

(*m*) Silicon.

(*n*) Tin in bars, rods, ingots, scrap, drosses and tin concentrates.

(*o*) Tungsten and its alloys and ores.

(*p*) Zinc in any form, including scrap, residues, ashes, powder, dust, zinc ores and concentrates.

(2) Any article manufactured or semi-manufactured containing more than 50 per cent by weight of any of the materials mentioned in (1) above, but excluding—

(*a*) spare parts and components designed exclusively for all types of engines, motors, vehicles, aircraft and machinery and exported for use as such;

(*b*) surveying instruments and components and spares therefor;

(*c*) mapmaking, map reproduction, stereoscopic and photointerpretation equipment.

NOTE.—Before ordering material for fabricating goods for export or commencing to manufacture against export orders, the prior consent of the Controller of Non-Ferrous Materials must be obtained.

## CONTROLLER OF PAPER.

(1) All woodpulps and paper pulps.

(2) Waste paper: The following in waste form—paper, board, cardboard, paper bags and pockets, board or cardboard boxes and cartons, newspapers, books and periodicals, including over-issues.

(3) Newsprint.

(4) Greaseproof, waterproof (including vegetable parchment) and waxed transparent paper.

(5) Gummed paper, but excluding gummed tapes.

(6) Cloth-lined boards.

Provided that no permit shall be required for the export of the goods mentioned under (2) above when used for packing goods for export.

## CONTROLLER OF RUBBER.

Rubber tyres and pneumatic tubes, new or used.

## CONTROLLER OF SOAP AND OILS.

(1) Fatty acids.

(2) Fish oil, excepting vitamin oil.

(3) Glycol and compounds.

(4) Oil seeds.

(5) Oils, animal and vegetable, including linseed oil, but excluding essential oils.

(6) Paraffin wax.

(7) Tanning oils.

(8) Whale oil.

NOTE.—In regard to (4) and (5) above groundnut and sunflower seeds are now controlled by the Oil Seeds Control Board and oils from these seeds are controlled by the Department of Nutrition.

## CONTROLLER OF TEXTILES.

Wool, raw and semi-processed and yarn, when exported to China and Korea.

(*k*) Nikkel en die legerings en ertse daarvan.

(*l*) Soldeersel en witmetaal in enige vorm, met inbegrip van afval, en drukkersmetaalafval en legeringsafval wat tin bevat.

(*m*) Silikon.

(*n*) Tin in stawe, stange, gietblokke, afval, tinskuim en tinkonsentrate.

(*o*) Wolfram en die legerings en ertse daarvan.

(*p*) Sink in enige vorm, met inbegrip van afval, oorblyfsels, as, poeier, stof, konsentrate en ertse.

(2) Enige vervaardigde of gedeeltelik vervaardigde artikel wat meer as 50 persent aan gewig van enigeen van die stowwe in (1) hierbo genoem, bevat, maar met uitsondering van—

(*a*) reserwe- en onderdele wat uitsluitlik vir alle tipes enjins, motore, voertuie, vliegtuie en masjinerie bedoel is en wat vir gebruik as sodanig uitgevoer word;

(*b*) landmetersinstrumente en onder- en reserwedele daarvoor;

(*c*) kaartmaak-, kaartreproduksie-, stereoskopiese en fotovertolkingsuitrusting.

OPMERKING.—Voordat bestellings geplaas word vir materiaal vir die vervaardiging van goedere vir uitvoer of voordat daar met die vervaardiging van goedere ten opsigte van uitvoerbestellings 'n aanvang gemaak word, moet die toestemming van die Kontroleur van Nie-ysterhoudende Stowwe verkry word.

## KONTROLEUR VAN PAPIER.

(1) Alle houtpap en papierpap.

(2) Skeurpapier: Die volgende in skeurvorm—papier, bord, karton, papiersakke en -sakkies, bord- of kortondose en kartonhouers, koerante, boeke en tydskrifte met inbegrip van surplustydskrifte.

(3) Koerantpapier.

(4) Vetpapier, waterdigte papier (met inbegrip van plantaardige perkamentpapier) en deurskynende waspapier.

(5) Gompapier, maar uitgesonderd gompapierstroke.

6) Kartonpapier met doekvoering.

Met dien verstande dat geen permit nodig is vir die uitvoer van die goedere onder (2) hierbo genoem wanneer dit gebruik word vir die verpakking van uitvoergoedere nie.

## KONTROLEUR VAN RUBBER.

Rubberbuitebande en lugbinnebande, nuut of gebruik.

## KONTROLEUR VAN SEEP EN OLIES.

(1) Vetsure.

(2) Visolie, met uitsondering van vitamienolie.

(3) Glikol en verbindings.

(4) Oliesade.

(5) Olie, dierlike en plantaardige, met inbegrip van lynolie, maar uitgesonderd eteriese olies.

(6) Paraffienwas.

(7) Looi-olies.

(8) Walvisolie.

OPMERKING.—Met betrekking tot (4) en (5) hierbo, moet daar op gewys word dat grondboontjies en sonneblomsaad tans deur die Raad van Beheer oor Oliesade beheer word en olie van hierdie sade deur die Departement van Voeding beheer word.

## KONTROLEUR VAN WEEFSTOWWE.

Wol, ru en gedeeltelik bewerk, en gare, wanneer dit na China en Korea uitgevoer word.

## MISCELLANEOUS.

(1) Accumulators (batteries of the lead acid type), new or used and components (excluding those fitted as an integral component of vehicles).
(2) All metal containers of 25-gallon capacity or more, whether empty or otherwise.
(3) All grades of woolfat and lanolin.
(4) All goods which have been imported into the Union and are exported therefrom as free gifts.

## SCHEDULE B.

## NON-FERROUS MATERIALS.

(1) Non-ferrous metals and alloys, in any form, of the following description:—

Bismuth, cadmium, columbium (niobium), germanium, strontium, tantalum, titanium, vanadium and zirconium.

(2) Any article, manufactured or semi-manufactured, containing any of the materials mentioned in (1) above.
(3) Ores, concentrates and compounds of the following:—

Bismuth, germanium, cadmium, columbium (niobium), strontium, tantalum, titanium, vanadium and zirconium.

(4) Mica slabs, sheets and splittings.
(5) Quartz crystals and plates.
(6) Silicon and alloys containing 90 per cent or more of silicon.

## MACHINE TOOLS.

(METAL WORKING MACHINERY.)

(1) Machine tools (including welding machines), that is to say any mechanical device for cutting, forming, abrading, polishing or otherwise working metal.
(2) Spares, components and accessories for above.
(3) Compressors, high speed, for wind tunnels with Mach. number 0.7 or over.
(4) Dies, diamond (whether mounted or not), and tools and tool parts of which the cutting edge is tipped with diamond.
(5) Machinery and machine tools specially designed for manufacturing armaments.
(6) Machines capable of automatically balancing and correcting metal parts dynamically.
(7) Presses, hydraulic and mechanical of an effective operative pressure exceeding 1,000 tons.

## INDUSTRIAL CHEMICALS.

(1) Acetone.
(2) Aluminium chloride, anhydrous.
(3) Barium nitrate; barium chromate.
(4) Calcium permanganate.
(5) Carbon black, and mixtures containing carbon black but not including lacquers, paints, paste paints and painters' enamels unless specified elsewhere in this Group.
(6) 1, 2 Dibromoethane (ethylene dibromide).
(7) Diethyl diphenyl-urea (carbamite or centralite).
(8) Dimethyl diphenyl-urea (carbamite or centralite).
(9) Di-nitro-toluene solids and oils.
(10) Diortho-tolyl-urethane.
(11) Diphenylamine.
(12) Diphenyl-urethane.
(13) Esters, ethers and ether-esters of glycols (including ethylene oxide and diethylene oxide).
(14) Ethyl benzene.
(15) Ethyl-N, N-diphenyl-urea (ethyl unsymmetrical diphenyl-urea), ethyl cellulose.
(16) Ethyl and methyl centralites.
(17) Ethyl phenyl-urethane.
(18) Flotation reagents, synthetic organic.
(19) Furfural, furfuryl alcohol, tetrahydrofurfuryl alcohol.
(20) Guanidine nitrate.

## DIVERSE.

(1) Akkumulatorbatterye (van die loodsuurtipe) nuut of gebruik en onderdele daarvan (met uitsondering van dié wat as 'n samestellende deel van voertuie gemonteer is).
(2) Alle metaalhouers met 'n inhoudsmaat van 25 gelling of meer, leeg of andersins.
(3) Alle grade wolvet en lanolien.
(4) Alle goedere wat in die Unie ingevoer en daarvandaan as gratis geskenke uitgevoer is.

## BYLAE B.

## NIE-YSTERHOUDENDE STOWWE.

(1) Nie-ysterhoudende metale en legreings, in enige vorm, van die volgende aard:—

Bismut, kadmium, kolumbium (niobium), germanium, stronsium, tantaal, titaan, vanadium en sirkoon.

(2) Enige halfvervaardigde of vervaardigde artikel wat enigeen van die stowwe in (1) hierbo genoem, bevat.
(3) Ertse, konsentrate en verbindings van die volgende:—

Bismut, germanium, kadmium, kolumbium (niobium), stronsium, tantaal, titaan, vanadium en sirkoon.

(4) Mika, blok-, plaat- en spleet-.
(5) Kwartkristalle en -plate.
(6) Silikon en legerings wat minstens 90 persent silikon bevat.

## MASJIENGEREEDSKAP.

(METAALWERKMASJINERIE.)

(1) Masjiengereedskap (met inbegrip van sweismasjiene), d.w.s. enige werktuigkundige toestel vir die sny, vorm, skuur, poleer of ander bewerking van metaal.
(2) Reserwe- en onderdele en toebehore vir bogenoemde.
(3) Kompressors, snellopende, vir lugtonnels, met masjiennommer 0·7 of hoër.
(4) Stempels, diamant- (gemonteer of nie), en gereedskap en gereedskaponderdele waarvan die snykant van diamant voorsien is.
(5) Masjinerie en masjiengereedskap spesiaal ontwerp vir die vervaardiging van wapens.
(6) Masjiene wat metaaldele outomaties kan balanseer en dinamies regstel.
(7) Perse, hidrouliese en meganiese, met 'n effektiewe drukvermoë van meer as 1,000 ton.

## NYWERHEIDSCHEMIKALIEË.

(1) Asetoon.
(2) Aluminiumchloried, watervry.
(3) Bariumnitraat; bariumchromaat.
(4) Kalsiumpermanganaat.
(5) Koolswart, en mengsels bevattende koolswart, maar nie lakvernis, verf, pastaverf en skilderemaljes nie, tensy dit elders in hierdie groep gespesifiseer word.
(6) 1, 2. Dibroometaan (etileendibromied).
(7) Di-etieldifenielureum (karbamiet of sentraliet).
(8) Dimetieldifenielureum (karbamiet of sentraliet).
(9) Dinitrotolueen-vastestowwe en -olies.
(10) Diorto-toliel-uretaan.
(11) Difenielamien.
(12) Difeniel-uretaan.
(13) Esters, eters en die eteresters van glikole (met inbegrip van etileenoksied en di-etileenoksied).
(14) Etielbenseen.
(15) Etiel-N, N-difeniel-ureum (etiel-onsimmetriese difeniel-ureum), etiel-sellulose.
(16) Etiel- en metielsentraliet.
(17) Etielfeniel-uretaan.
(18) Flotteringsreagense, sinteties organies.
(19) Furfuraal, furfurielalkohol, tetrahidrofurfuriel-alkohol.
(20) Guanidiennitraat.

(21) Hexamethylenetetramine.
(22) Hydrazine; hydrazine hydrate; hydrazine salts.
(23) Hydrogen peroxide (50 volumes strength and over).
(24) Isopr›pylether.
(25) Lead azide, lead styphnate and lead thiocyanate.
(26) Mercury fulminate.
(27) Magnesium silicate (steatite).
(28) Methyl isobutylketone.
(29) Methyl-N, N-diphenyl-urea (methyl unsymmetrical, diphenyl-urea).
(30) Monochlorobenzene.
(31) N, N-diphenyl-urea (unsymmetrical diphenyl-urea).
(32) Nitric acid; ammonium nitrate; potassium nitrate.
(33) Nitro-quanidine.
(34) Pentaerythritol tetranitrates.
(35) Persulphates: sodium, potassium and ammonium.
(36) Phenol.
(37) Phosphorus, except red; phosphoric acid catalyst (Victor).
(38) Picric acid (trinitrophenol).
(39) Polyethelene.
(40) Polytetrafluoroethylene.
(41) Potassium permanganate.
(42) Potassium tetroxide.
(43) Silicon(e) organic components of the following kinds:—
   (*a*) Silicon(e) high vacuum grease;
   (*b*) silicon(e) stopcock grease, high vacuum or regular;
   (*c*) silicon(e) rubber.
(44) Sodium azide.
(45) Sodium cyanide, chemical grades.
(46) Sodium, metallic.
(47) Sodium peroxide.
(48) Styrene (monomer) dichlorostyrene and its moulding powders, sheets, rods and tubes.
(49) Tetra-ethyl lead and tetra-ethyl lead fluid.
(50) Thallium bromoiodide.
(51) Titanium tetrachloride.
(52) Toluene.
(53) Trifluorochloroethylene (polymerised or not).

## ELECTRONICS.

(ELECTRICAL EQUIPMENT.)

(1) Antenna pattern recorders for use at frequencies over 250 megacycles per second.
(2) Amplifiers as follows:—
   (*a*) Amplifiers, high gain, stable linear pulse designed to operate within the range 50 cycles per second to 10 megacycles per second, and of input resistance not less than 10 megohms;
   (*b*) direct-current amplifiers (electronic and magnetic);
   (*c*) amplifiers (electronic and magnetic) with gain control calibrated to indicate changes in gain to an accuracy of a quarter of a decibel or better;
   (*d*) amplifiers (electronic or magnetic) with a nominal logarithmic relationship between gain and input voltages.
(3) Apparatus designed to jam or otherwise interfere with radio reception; and specialised parts of such apparatus.
(4) Apparatus of a kind used for detecting or locating objects under water by magnetic or acoustic or ultrasonic methods; and specialised components of such apparatus; but not including marine depthsounders of a kind solely for measuring the depth of water or the distance of submerged objects vertically below the apparatus.
(5) Apparatus of a kind used to measure electric impedance at frequencies exceeding 60 megacycles per sound; and specialised parts for such apparatus.

(21) Heksametileentetramien.
(22) Hidrasien; hidrasienhidraat; hidrasiensoute.
(23) Waterstofperoksied (sterkte van 50 volumes en meer).
(24) Isopropieleter.
(25) Loodasied, loodstifnaat en loodtiosianaat.
(26) Knalkwik.
(27) Magnesiumsilikaat (steatiet).
(28) Metielisobutielketoon.
(29) Metiel-N, N-difeniel-ureum (metiel-onsimmetriese difeniel-ureum).
(30) Monochloorbenseen.
(31) N, N-difeniel-ureum (onsimmetriese difeniel-ureum).
(32) Salpetersuur; ammoniumnitraat; kaliumnitraat.
(33) Nitrokwanidien.
(34) Pento-eritritol tetranitrate.
(35) Persulfate; natrium, kalium en ammonium.
(36) Fenol.
(37) Fosfor, uitgesonderd rooi; fosforsuur-katalisator (Victor).
(38) Pikriensuur (trinitrofenol).
(39) Poli-etileen.
(40) Politetrafluoretileen.
(41) Kaliumpermanganaat.
(42) Kaliumtetroksied.
(43) Silikon(-oon)-organiese verbindings van die volgende aard:—
   (*a*) Silikon(-oon)-hoë vakuumghries;
   (*b*) Silikon(-oon)-afsluiterghries, hoë vakuum- of gewone;
   (*c*) Silikonrubber (silikoonrubber).
(44) Natriumasied.
(45) Natriumsianied, chemiese grade.
(46) Natrium (metaal).
(47) Natriumperoksied.
(48) Stireen (monomeer)-dichloor-stireen en die vormpoeiers, plate, stawe en buise daarvan.
(49) Tetra-etiellood en tetra-etielloodvloeistof.
(50) Talliumbroomjodied.
(51) Titaantetrachloried.
(52) Tolueen.
(53) Trifluorchlooretileen, gepolimeriseer of nie.

## ELEKTROTEGNIEK.

(ELEKTRIESE UITRUSTING.)

(1) Antenne-patroonregistreerders vir gebruik by frekwensies van meer as 250 megahertz.
(2) Versterkers soos volg:—
   (*a*) Versterkers, hoogspanning-, met stabiele lineêre puls wat ontwerp is om binne die gebied 50 hertz tot 10 megahertz te werk, en met 'n ingangsweerstand van minstens 10 megohms;
   (*b*) gelykstroomversterkers (elektronies en magneties);
   (*c*) versterkers (elektronies en magneties) met versterkingskontrole gekalibreer om veranderings in versterking presies tot 'n kwart van 'n desibel of nog noukeuriger aan te dui;
   (*d*) versterkers (elektronies of magneties) met 'n nominale logaritmiese verhouding tussen versterking- en ingangspannings.
(3) Toestelle wat ontwerp is om radio-ontvangsteurings te veroorsaak; en gespesialiseerde onderdele van sulke toestelle.
(4) Toestelle van die soort wat gebruik word om voorwerpe onder die water deur middel van magnetiese of akoestiese of ultrasoniese metodes te ontdek of op te spoor, en gespesialiseerde onderdele van sulke toestelle, maar uitgesonderd seedieptepeilers van 'n tipe wat slegs gebruik word om die waterdiepte of die afstand van voorwerpe wat loodreg onder die toestelle in die water is, te meet.
(5) Toestelle van die soort wat gebruik word om elektriese impedansie by frekwensies van hoër as 60 megahertz te meet; en gespesialiseerde onderdele vir sulke toestelle.

(26) Photo-electric cells with peak sensitivity at a wave length longer than 7,000 angstrom units.

(27) Power equipment: Electric generating, transforming, rectifying and converting, transmission, power distribution, control and gear accessories, including substation equipment and parts thereof [except generators already covered by Item No. (12)].

(28) Pulse modulators capable of providing electric impulses of peak power exceeding 10 kW: and pulse-transformers and pulse-forming equipment being specialised parts of such modulators.

(29) Pyrometers (*a*) optical (*b*) radiation type.

(30) Radio field-strength meters of a kind used at frequencies exceeding 60 megacycles per second; and specialised parts of such meters.

(31) Radio-frequency signal generators, being screened electric oscillators associated with attenuators of a kind used to provide signals having frequencies exceeding 300 megacycles per second and magnitudes less than 1 microwatt or 10 millivolts peak value; and specialised parts for such generators.

(32) Radio receivers, panoramic, being receivers which search automatically part of the radio-frequency spectrum and indicate visibly the signals received; and specialised parts for such receivers. (Broadcast and television receivers of the domestic type are expressly exempt from control).

(33) Radio spectrum analysers, being apparatus capable of indicating the single-frequency components of multi-frequency oscillations having frequencies exceeding 30 kilocycles per second; and specialised parts for such analysers.

(34) Radiolocation apparatus (including direction finders, radar and radio-navigation equipment) and infra-red location apparatus, being apparatus of a kind used for detecting objects or for determining the relative direction, position or motion of objects by means of the constant-velocity or rectilinear-propagation characteristics of electromagnetic waves and specialised parts and accessories of such apparatus; and specialised equipment for testing or calibrating such apparatus.

(35) Resistors, temperature-sensitive, of a kind used in bolometers or in the measurement of electric power below 10 milliwatts: but not including electric lamps.

(36) Spectographs, spectrometers and monochrometers.

(37) Strain gauge equipment, electric recording; and specialised parts therefor.

(38) Telecontrol equipment suitable for controlling pilotless aircraft or guided weapons; and specialised parts for such equipment.

(39) Voltmeters other than those specially designed for testing telephone lines.

(40) Warburg apparatus for the examination of living tissues.

(41) X-ray diffraction equipment as follows:—

(*a*) X-ray diffraction units;
(*b*) X-ray tubes designed or intended for use in X-ray diffraction analysis;
(*c*) X-ray tubes 1000 P.K.V. and over.

MISCELLANEOUS.

(1) Abrasives as follows:—

(*a*) Silicon carbide, crude, and in grains;
(*b*) boron carbide;
(*c*) natural corundum;
(*d*) fused aluminium oxide;
(*e*) grinding wheels of silicon carbide in grit sizes and other articles incorporating these grains;
(*f*) grinding wheels of natural corundum, and other articles incorporating these grains;
(*g*) grinding wheels of fused aluminium oxide, and other articles incorporating these grains.

(26) Foto-elektriese selle met picksensitiwiteit by 'n lengtegolf langer as 7,000 angstrom-eenhede.

